

Verslag van die OUDIT-en-RISIKOKOMITEE

aan die aandeelhouers van Remgro Beperk

Hierdie verslag deur die audit-en-risikokomitee (die komitee), soos aangestel deur die aandeelhouers ten opsigte van die jaar onder oorsig, is voorberei in ooreenstemming met die beginsels van die King IV Verslag oor korporatiewe bestuur vir Suid-Afrika (2016) (King IV) en die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig (Maatskappywet), en beskryf hoe die komitee sy statutêre verpligtinge ingevolge die Maatskappywet, asook die bykomende funksies deur die direksie daaraan toegeken ten opsigte van die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2022, nagekom het.

Komiteelede en bywoning van vergaderings

Die komitee bestaan uit vier onafhanklike nie-uitvoerende direkteure (soos uiteengesit in die onderstaande tabel) onder die voorsitterskap van me Sonja De Bruyn. Alle komiteelede beskik oor die nodige vaardighede en ondervinding. Ingevolge die komitee se mandaat moet minstens vier vergaderings per jaar gehou word.

Samestelling van die komitee

Komiteelid*	Aantal vergaderings gehou	Aantal vergaderings bygewoon
S E N De Bruyn (voorsitter)	4	4
N P Mageza	4	4
P J Moleketi	4	4
F Robertson	4	3



* 'n Verkorte curriculum vitae van alle direkteure van die maatskappy word op bladsy 92 tot 95 verskaf.

Die hoofuitvoerende beampte (HUB), hoof finansiële beampte (HFB), hoof van interne audit, ander lede van senior bestuur en verteenwoordigers van die eksterne ouditeure van die maatskappy woon komiteevergaderings op uitnodiging by. Komitee-agendas maak voorsiening vir vertroulike vergaderings tussen komiteelede en die interne en eksterne ouditeure, asook bestuur.

Rol en verantwoordelikhede

Die komitee se rol en verantwoordelikhede sluit sy statutêre verpligtinge ingevolge die Maatskappywet in, sowel as die verantwoordelikhede deur die direksie daaraan toegeken. Die verantwoordelikhede van die audit-en-risikokomitee word gekodifiseer in 'n formele opdrag wat minstens jaarliks hersien word en beskikbaar is op Remgro se webwerf by www.remgro.com. In die jaar onder oorsig het die direksie, aan die hand van die beginsels en aanbevelings van King IV, die opdrag van die audit-en-risikokomitee hersien.

Die komitee is tevrede dat hy alle verpligtinge in die finansiële jaar onder oorsig nagekom het, soos in meer besonderhede hieronder aangedui word.

Die komitee het homself ook vergewis dat doeltreffende direksies en ouditkomitees (waar toepaslik) by Remgro se belangrikste bedryfsfiliale (Distell Group Holdings Beperk

(Distell), RCL Foods Beperk (RCL Foods), Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods) en Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco)), geassosieerdes en gesamentlike ondernemings funksioneer, waarvan die notules van vergaderings ook in die komitee se agenda opgeneem word.

Meer inligting oor die werking van die komitee en die sake wat in hierdie verslag hanteer word, is beskikbaar in die korporatiewe bestuursverslag en in die risiko- en geleentheidsbestuursverslag op bladsy 78 en 124, onderskeidelik.

Statutêre pligte

In die uitvoering van sy mandaat het die komitee die volgende statutêre verpligtinge nagekom:

- Benoem PricewaterhouseCoopers Geïnk. (PwC), met mnr Anton Wentzel as aangewese vennoot, wat na die mening van die komitee onafhanklik van die maatskappy is, om deur die aandeelhouers aangestel te word as eksterne ouditeur vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2022
- Bepaal die fooie betaalbaar aan die eksterne ouditeur en die aanstellingsvoorwaardes
- Verseker dat die aanstelling van die eksterne ouditeur voldoen aan die vereistes van die Maatskappywet en enige ander wetgewing wat met die aanstelling van ouditeure verband hou
- Bepaal die aard en omvang van enige nie-ouditdienste wat die eksterne ouditeur aan die maatskappy en sy volfiliale, geadmistreer deur Remgro Bestuursdienste Beperk (RBD) mag verskaf
- Voorafgoedkeuring vir enige voorgestelde ooreenkoms met die eksterne ouditeur vir die verskaffing van nie-ouditdienste aan die maatskappy en sy volfiliale, geadmistreer deur RBD

Eksterne oudit

Die komitee is tevrede dat die maatskappy se eksterne ouditeur, PwC, onafhanklik van die maatskappy is en dus geskik is om sy auditfunksies sonder beïnvloeding van die maatskappy te verrig. Die aangewese eksterne ouditvennoot roteer elke vyf jaar.

PwC is reeds vir 54 jaar die ouditeur van die maatskappy. Die sake van die maatskappy is voorheen behartig deur Rembrandt Groep Beperk, van wie PwC en sy voorgangers, gegrond op statutêre rekords, reeds die eksterne ouditeur vir 74 jaar is. Die komitee is tevrede dat PwC, nieteenstaande sy dienstermyn as eksterne ouditeur, onafhanklik van die maatskappy is.

PwC het sy nakoming van die etiese vereistes rakende onafhanklikheid bevestig en word as onafhanklik van die groep beskou, soos vereis deur die kodes wat deur die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure (IRBA), die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters en die Internasionale Federasie van Rekenmeesters onderskryf en geadmistreer word. Soos vereis deur afdeling 3.84(g)(iii) van die noteringsvereistes van die JSE, het die komitee die inligting soos uiteengesit in paragraaf 22.15(h) van die noteringsvereistes van die JSE bekom en is tevrede dat die eksterne ouditeur en ouditvennoot vir die jaar onder oorsig, mnr Anton Wentzel, sowel as die



ouditvennoot vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2023, me Rika Labuschaigne, die nodige ondervinding en akkrediasie het en geskik is vir heraanstelling. Die komitee benoem PwC, vir goedkeuring deur die algemene jaarvergadering (AJV) op 30 November 2022, as eksterne ouditeur en me Rika Labuschaigne as ouditvennoot vir die 2023-finansiële jaar. Die komitee is ook tevrede dat die bogenoemde toegewysde vennote nie op die JSE se lys van gediskwalifiseerde individue verskyn nie. Die komitee bedank mnr Wentzel vir sy waardevolle bydrae as Remgro se eksterne ouditvennoot die afgelope vyf jaar.

Ingevolge die vereistes van die IRBA, is die maatskappy verplig om sy eksterne ouditeur vir die 2024-finansiële jaar te roteer. Na 'n omvattende tenderproses gedurende die 2021-finansiële jaar, het die oudit-en-risikokomitee aanbeveel dat Ernst & Young Geïnk. (EY), met ingang van die finansiële jaar wat op 30 Junie 2024 eindig, as die nuwe eksterne ouditeur van Remgro aangestel word. 'n Aanduidende, nie-bindende, adviesstem om EY met ingang van die 2024-finansiële jaar aan te stel, is by Remgro se AJV, wat op 25 November 2021 gehou is, ter tafel gelê. By dié vergadering het 99.72% van die gewone aandeelhouers, wat die stemme van die B-gewone aandeelhouers uitsluit, ten gunste van die aanstelling van EY, met ingang van die 2024-finansiële jaar, gestem. Die gewone besluit om die statutêre aanstelling te bekragtig, sal eers by die maatskappy se 2023-AJV ter tafel gelê word. Onderhewig aan die goedkeuring van die toepaslike gewone besluite by die maatskappy se 2022-AJV, sal die huidige eksterne ouditeur van die maatskappy, PwC, voortgaan om as eksterne ouditeur op te tree vir die finansiële jaar wat op 30 Junie 2023 eindig.

'n Formele beleid bestuur die proses waarvolgens die eksterne ouditeur van die maatskappy vir nie-ouditdienste oorweeg word. Ingevolge die beleid is die komitee verantwoordelik om die aard en omvang te bepaal van enige nie-ouditdienste wat die eksterne ouditeur mag verskaf en om enige voorgestelde kontrak met die eksterne ouditeur vir die verskaffing van nie-ouditdienste vooraf goed te keur. Vir die jaar onder oorsig het nie-ouditdienste hoofsaaklik verband gehou met normale belastingdienste. Die omvang van hierdie dienste was binne die bedrag wat die komitee vooraf goedgekeur het.

Interne finansiële beheer- en rekeningkundige stelsels

Die komitee is verantwoordelik vir die beoordeling van die interne finansiële beheer- en rekeningkundige stelsels van die maatskappy en sy volfiliale, geadminestreer deur RBD. In hierdie verband het die komitee verslae oor die doeltreffendheid van die interne finansiële beheermaatreëls wat deur die interne ouditfunksie opgestel is, beoordeel, inligting oorweeg wat deur bestuur verskaf is en samesprekings met die eksterne ouditeur gevoer oor die resultate van die audit. Die komitee is van mening dat die interne finansiële beheermaatreëls effektief is en die grondslag vir die voorbereiding van betroubare finansiële state vorm. Ter ondersteuning van die voorafgaande het die komitee ook verslae van die interne ouditfunksie ontvang rakende die doeltreffendheid van die gesamentlike gerusstellingsproses en teenkorrupsiebedrogvoorkoming, asook die maatreëls wat daarvoor bestaan.

Die lede van Remgro se bestuur wat in die direksies dien van onderliggende beleggings (Distell, RCL Foods, Siqalo Foods, Wispeco en geassosieerdes en gesamentlike ondernemings), is verantwoordelik vir die uitoefening van die maatskappy se invloed om te verseker dat effektiewe interne beheermaatreëls geïmplementeer, en daaraan voldoen word.

Kundigheid en ondervinding van die HFB en finansiële funksie

Die komitee het die kundigheid en ondervinding van die HFB, mnr Neville Williams, oorweeg en dit toepaslik en bevredigend gevind. Laasgenoemde se *curriculum vitae* verskyn op bladsy 95 van die geïntegreerde jaarverslag.

Daarbenewens het die komitee die toepaslike ondervinding en die geskiktheid van die hulpbronne van die maatskappy se finansiële funksie, en die ervaring van senior bestuurslede verantwoordelik vir die finansiële funksie, beoordeel en dit bevredigend gevind.

Finansiële state en lopende saak

Die komitee het die alleenstaande en gekonsolideerde finansiële state van die maatskappy nagegaan en is tevrede dat dit aan Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die Maatskappywet voldoen en dat die rekeningkundige beleid wat gebruik word, toepaslik is. Die komitee het in die besonder die volgende sake, wat deur die bestuurspan en die eksterne ouditeure geïdentifiseer is, oorweeg en is tevrede dat dit behoorlik in die finansiële jaarstate hanteer is:

- **Waardasie van beleggings en oorweging van moontlike waardedalings of terugskrywing van waardedalings van beleggings en bates**

Die intrinsieke netto batewaarde (INBW) is een van die maatstawwe wat gebruik word om waardeskepping vir aandeelhouers te beoordeel. Onderliggende beleggings wat bedryfsegmente verteenwoordig, word waardeer en by die INBW ingesluit. Die komitee het die metodieke, aannames en oordele van bestuur by die bepaling van die billike waarde van beleggings oorweeg en is tevrede dat die benadering wat gevolg is, toepaslik is.

Die komitee het ook die metodieke, aannames en oordele van bestuur by die bepaling van beleggings- en batewaardedalings, waar die drawaarde die billike waarde oorskry, oorweeg en is tevrede dat die regte benadering gevolg is. Die belangrikste bates wat ter sprake was, is die klandisiewaarde en die ontasbare bates van onbepaalde leeftyd wat ontstaan het uit die verkryging van Distell en Siqalo Foods, onderskeidelik.

Die komitee het ook die metodieke, aannames en oordele oorweeg van bestuur by die bepaling van die terugskrywing van vorige waardedalings of gedeeltelike waardedalings van beleggings, en waarvan die billike waarde die drawaarde oorskry, en is tevrede dat die regte benadering gevolg is. Die belangrikste belegging wat in hierdie verband getoets is, is Remgro se belegging in Mediclinic International plc (Mediclinic).

Verwys na aantekeninge 2, 4.4 en 10.3 van die finansiële jaarstate, wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, vir meer besonderhede.

- **Verantwoording van geëkwiteerde beleggings**

Die maatskappy het beduidende beleggings wat ekwiteitsverantwoord word ingevolge IAS 28: *Beleggings in Geassosieerdes en Gesamentlike Ondernemings*. Sommige van die geëkwiteerde beleggings het jaareindes wat nie saamval met dié van die maatskappy nie waarvan die belangrikstes in hierdie verband die beleggings in Mediclinic en Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH) is. Hierdie beleggings word geëkwiteer volgens resultate vir 'n finansiële tydperk wat



drie maande eindig voor die groep se finansiële jaareinde. Beduidende transaksies wat voorkom na die geëkwiteerde beleggingsperiode, maar voor die groep se jaareinde, word verantwoord in Remgro se gekonsolideerde finansiële state. Beduidende aanpassings in die huidige jaar hou verband met dividende ontvang van geëkwiteerde beleggings, en die omskakeling van Mediclinic se finansiële inligting vanaf sy aanbiedings-wisselkoers (Britse pond) na die maatskappy se aanbiedings-wisselkoers, soos op 30 Junie 2022. Die komitee het hierdie transaksies oorweeg en is tevrede met die rekeningkundige hantering daarvan. Verwys na aantekening 4.1 van die finansiële jaarstate, wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, vir meer besonderhede.



- **Verantwoording van beleggings wat gehou word as bates gehou vir verkoop**

Op 15 November 2021 het Distell en Heineken International B.V. (Heineken) hul voorneme aangekondig om Heineken se Suider-Afrikaanse besigheid, insluitende 'n belang in Namibia Breweries Beperk, met die grootste gedeelte van Distell se besigheid (bestaande uit sy sider-, ander RTDs, asook die spiritualieë en wynbesigheid) te kombineer in 'n nuwe ongenoteerde entiteit, wat deur Heineken beheer en wat na verwys word as Newco. Die voorgestelde transaksie sal ook 'n aanbod insluit van Newco aan Distell-aandeelhouers om hul Distell-aandele teen R165 per aandeel te bekom en/of ongenoteerde aandele in Newco, of 'n kombinasie daarvan. Remgro is van voorneme om te kies om Newco-aandele vir sy Distell-aandele te ontvang. Die belegging in Distell word as 'n filiaal geklassifiseer en word gekonsolideer. Die belegging in Distell voldoen nog nie aan die maatstaf om geklassifiseer te word as 'n verkoopbare groep onder IFRS 5 nie, aangesien die bates van Distell, wat die onderwerp van die verkoop is, nie beskikbaar is vir onmiddellike verkoop in sy huidige toestand nie en die verkoop is nog nie hoogs waarskynlik nie. Die voorgestelde transaksie is steeds onderhewig aan verskeie opskortende voorwaardes.

Die komitee het die aannames en sleutelbeoordelings wat deur bestuur gemaak is ten opsigte van die verantwoording van die belegging in Distell oorweeg en is tevrede met die rekeningkundige hantering daarvan. Verwys na nota 1(vii) van die finansiële jaarstate, wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, vir meer besonderhede.



- **Lopende saak**

Die komitee het ook 'n gedokumenteerde evaluasie van bestuur oor die lopende saakstatus van die maatskappy oorweeg. Gegronde op die feite en omstandighede wat bekend is, het bestuur en die komitee bepaal dat daar geen wesentlike onsekerheid bestaan wat beduidende twyfel laat ontstaan het oor die maatskappy se vermoë om as 'n lopende saak voort te gaan nie en daarom het die komitee aan die direksie aanbeveel dat die maatskappy vir die afsienbare toekoms 'n lopende saak sal bly.

Risiko- en geleentheidsbestuur

Die komitee het die oorsig van die risiko- en geleentheidsbestuursfunksie aan die risiko-, geleentheids-, tegnologie- en inligtingsbestuurs- operasionele subkomitee (RGTIB-komitee) oorgedra, wat 'n subkomitee van die komitee is. Die mandaat van die RGTIB-komitee sluit in: die handhawing van die risikobestuurs- en geleentheidsbeleid en -plan, die daarstelling

van 'n bedryfsrisiko- en geleentheidsregister, tegnologie- en inligtingsrisikobestuur, wetlike nakoming en bedryfsgesondheid en -veiligheid. Die HFB is die voorsitter van die RGTIB-komitee en die ander 15 lede is almal senior bestuurders van die maatskappy. Die voorsitter van die komitee het 'n staande uitnodiging om die vergaderings van die RGTIB-komitee as 'n *ex officio*-lid by te woon om te verseker dat die RGTIB-komitee doeltreffend funksioneer en toepaslike risiko-inligting met die komitee deel.

Interne audit

Die maatskappy se interne ouditafdeling is 'n effektiewe, onafhanklike beoordelingsfunksie en vorm 'n integrale deel van die ondernemingswye risiko- en geleentheidsbestuursstelsel, wat gerusstelling oor die doeltreffendheid van die maatskappy se interne beheerstelsel verskaf. Die komitee het mnr Deon Annandale as Remgro se hoofauditbestuurder (HOB) aangestel. Die komitee is tevrede met die eienskappe, objektiwiteit en onafhanklikheid van die HOB en dat hy oor die nodige ondervinding, status en bevoegdheid beskik. Die interne ouditafdeling van die maatskappy bestaan uit bekwame en ervare personeel wat diens verskaf aan al Remgro se volfiliale, geadmistreer deur RBD, sowel as aan Wispeco. Daarby verrig die interne ouditafdeling ook onafhanklike interne ouditfunksies vir ander onderliggende beleggings, soos CIVH, Rand Merchant Investment Holdings Beperk, SEACOM Capital Beperk en Business Partners Beperk.

Gedurende die jaar onder oorsig, het die komitee die interne oudithandves oorweeg en vir goedkeuring deur die direksie aanbeveel. Die komitee het ook die interne audit-kwaliteitsgerusstellingsplan beoordeel, asook die nakoming van die interne ouditfunksie en is tevrede dat die interne ouditfunksie voldoen aan 'n erkende bedryfsetiese en standaard kode. Meer besonderhede oor die groep se interne ouditfunksies verskyn in die risiko- en geleentheidsbestuursverslag op bladsy 124.



Nakoming

Die komitee is verantwoordelik vir die nagaan van enige belangrike oortreding van relevante wetlike en regulerende vereistes. Die komitee is tevrede dat daar geen wesentlike nie-nakoming van wette en regulasies in die jaar onder oorsig was nie.

Die komitee is ook tevrede dat dit gedurende die jaar onder oorsig alle wetlike, regulerende en ander verantwoordelikhede nagekom het.

Aanbeveling aan die direksie

Die komitee het die geïntegreerde jaarverslag, insluitende die omvattende finansiële jaarstate en volhoubaarheidsverslag wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, hersien en oorweeg en het dit aanbeveel vir goedkeuring deur die direksie.



Sonja De Bruyn

Voorsitter van die audit-en-risikokomitee

Stellenbosch
26 September 2022